

22 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 24:1-10

Fokusgedeelte: Psalm 24:1 en 2

Die fondament van alles is die Here

Hoeveel anders is hierdie Psalm se boodskap as dit waaraan die Jode nog altyd vasgehou het? Regdeur die Bybel hoor ons: "Kanaän is die land wat aan God behoort en die Jode is die enigste uitverkore volk." So het die Jode gedink die verlossing behoort altyd aan hulle. Hoe kwaad was die Joodse Christene nie toe hulle hoor Paulus moet die evangelie aan die heidene gaan verkondig. Hulle standpunt was: God behoort aan hulle. Maar met dié Psalm wil die Here ons harte en gedagtes verander.

Mense wil van nature eienaars wees. Mense wil van nature hê iets moet aan hulle behoort. En selfs die groot geskenk van geloof wat ons van die Here ontvang het, wil mense vandag vir hulleself hou. Maar hierdie Psalm sê daar is iemand anders wat op die troon is. Die Bybel wil ons konfronteer met die feit dat alles (ons ingesluit) aan die Here behoort. Hy het vir ons in besonder baie duur betaal. Christus het van sy troon afgeklim om ons sy eiendom te maak (Fil 2:5-8).

Die fondament van alles is die Here. Watter groot troos het ons as gelowiges dat ons aan Hom behoort. Ons dank die Here dat Hy ons, as sy uitverkore kinders, nie aan ons eie baasskap wil oorlaat nie. Ons sien orals om ons die chaos wanneer die mense dink dat hulle base kan wees. Ons dank die Here dat Hy soms vir ons deur beproewings wys dat Hy die Here is. Hy is die fondament van alles in my lewe en aan Hom kom die eer toe (Ps 24:8, 10). Sien die wêreld hierdie waarheid in my lewe waar word?

Sing: Psalm 66:1, 3 en 7 (Totius)

Ds W van den Heever (Rietvallei)